Dieselfde geld vir die plakkaat wat hoofsaaklik van teks in swart en wit tydens die verkiesing gebruik maak.

Dit blyk asof die verskeie kleure nie maar net lukraak gebruik word in ECC-plakkate nie, maar dat bepaalde kleure hul beter leen tot sekere propagandistiese tegnieke, en om 'n groter appél op bepaalde teikens of bestemmings te maak.

6.3.6.7 Styl/Ontwerp (figuur 6.9)

Van die 23 plakkate was die helfte in 'n moderne dog eenvoudige en treffende grafiese styl, waar 'n reële situasie by wyse van sketse of tekeninge uitgebeeld is. Hierdie plakkate kan beswaarlik verkeerd geïnterpreteer word, asook die twee plakkate waar van foto's gebruik gemaak is.

Slegs drie plakkate maak alleenlik van geskrewe tekste gebruik, en dit bevestig die stelling van Philippe (1980:20) dat die kombinasie van beeld en teks veel meer effektief en universeel toeganklik is as blote geskrewe boodskappe.

Die naïewe of kinderkuns geniet ook tans 'n hernieude populariteit, en drie plakkate is dan ook in hierdie styl gedoen. Die appèl op die bestemming is onskuldig en aantreklik, veral op vroue en kinders.

STYL/ONTWERP FIGUUR 6.9



SLEUTEL

PLAKKATE

MOD GEOM = Modern en geometries

MOD GRAFIES = Modern en grafies

FOTO = Foto-uitbeelding

NAIEF K.KUNS = Naïewe/ kinderkuns

ABSTR VOORST = Abstrakte voorstelling

TEKS ALLEEN = Geskrewe teks op sy eie

Slegs drie plakkate maak van abstrakte kunsvorme en lewensgetroue uitbeeldings onderskeidelik gebruik. Dit is waarskynlik dat 'n propagandis 'n bepaalde bestemming in gedagte het as daar van moderne of abstrakte kuns gebruik gemaak word, aangesien die deursnee-mens nie veel waardering vir die kuns het nie.

Die styl en ontwerp van die plakkate is oor die algemeen eenvoudig, met 'n goeie balans en kleurharmonie op almal. Daar is op min plakkate soveel inligting dat dit nie vinnig waargeneem kan word nie. Die meeste van hierdie plakkate is ten minste dertig voet sigbaar.

Yanker (1972:27) beklemtoon dat 'n moderne styl baie nodig is vir die sukses van 'n plakkaat, en dat die onderwerp die impak van die boodskap moet aanvul, en nie oorheers nie. Beide hierdie riglyne word in die plakkate van die ECC gevolg.

6.4 Samevatting

Die ontleding van die ECC se plakkate dui aan dat die organisasie doelgerig van sekere propagandategnieke gebruik maak om hul boodskappe deur middel van plakkate te versprei.

Die ECC omskryf sy veldtog as 'n "single-issue campaign", waarvan die uitsluitlike doelstelling daarop gemik is om die bestaande diensplig wet te verander, en alternatiewe vorme van nasionale diens daar te stel vir diegene wat teen oorlog gekant is. In die lig van die onderskeie simbole en veldtog-slagspreuke wat op die plakkate aangetref word, kan daar tereg gevra word of die organisasie nie te

veel argumente bedryf nie, sou hulle uitsluitlik die veldtog vir diensplig-beëindiging propageer. Terselfdertyd laat al die kwessies wat die ECC aanraak, vrae ontstaan oor die organisasie se beweerde distansiëring van die politieke terrein.

Die eerste vereiste van 'n plakkaat is eenvoud en helderheid. 'n Kwalitatiewe ontleding van die betrokke plakkate blyk dat die meeste van die organisasies se plakkate aan hierdie belangrikste vereistes voldoen. Die boodskap is meestal direk, en kan moontlik 'n gewelddadige reaksie by die bestemming ontlok (Phillipe, 1980:20), wat 'n belangrike voordeel van hierdie alternatiewe medium kan wees. Die simbole wat deurgaans gebruik word, het 'n universele en ondubbelsinnige betekenis.

Die balans tussen teks en beeld is op die oorgrote meerderheid van die plakkate harmonieus, en kan meestal met een oogopslag, en wel ongeveer 10 meter ver gelees word. 'n Moderne styl word feitlik deurgaans gebruik, wat waarskynlik met die oog op 'n sterk appél op veral die jonger mense gedoen word. Voorts kan die simbole en styl wat gebruik word, nouliks verkeerd verstaan word, en die implikasie of boodskap is telkens duidelik. Beide Peters en Yanker (1972) beklemtoon dat die mees effektiewe style daardie is wat vir die breë massa verstaanbaar is, en objektief geformuleer is. Die onderwerp van oorlog en vrede is aktueel-relevant, en tans baie belangrik in die plaaslike konteks.

Die ECC kommunikeer 'n emosionele boodskap waarin appèl gemaak word op mense se emosies rondom oorlog, lyding en vrede. Die SA Weermag word as die aanstigter agter die "unjust war" teenoor die verlangde "just peace" van die ECC voorgestel.

Die sukses van dié metode, waar drukgroepe eerder op emosionele boodskappe konsentreer omdat hulle 'n enkele saak beveg en gevolglik 'n emosionele element in hul kommunikasie vanweë hul toegewyde doelgerigtheid het, is deur Reiman (in Yanker, 1972:31) bewys.

Die ECC kan as direkte opponent van die SA Weermag gesien word, en 'n ontleding van hul plakkate lewer die gevolgtrekking dat die mediagroep van die ECC die plakkate doelgerig en berekenend saamstel om die SA Weermag te diskrediteer en nie alleen maar die diensplig stelsel nie. Die bruikbaarheid van alternatiewe media is voor die hand liggend na hierdie ontleding van een van die vorme van dié mediaverskynsel.

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

7.1 Inleiding

Gedurende die afgelope aantal jare word toenemend gehoor en gelees van die "alternatiewe media". Omdat die begrip as sodanig vreemd is vir baie mense, word toenemende vrae hieroor gevra.

Hoewel die alternatiewe media as verskynsel nie nuut is nie, is dit nog nie duidelik afgebaken en as eiesoortige mediaverskynsel bestudeer nie. Voorts is daar min verwysings in die literatuur na hierdie alternatiewe media. Ook in Suid-Afrika is hierdie 'n vinnig-groeiende verskynsel. Dit is 'n weerspieëling van die huidige tydsgewrig en simptomaties van die onrus in Suid-Afrika. Daarom is in hierdie studie gepoog om alternatiewe media as verskynsel te omskryf, die redes vir die ontstaan daarvan die ondersoek, die kenmerke daarvan te identifiseer en die vorme af te baken.

Hoofstuk 2 het na verskeie redes vir die ontstaan van alternatiewe media gekyk. Die konvensionele massamedia het bepaalde funksies, wat egter met verloop van tyd afgeplat het om 'n massagemeenskap met die grootste gemene deler-inhoud, of die sogenaamde "low-taste content" in die woorde van De Fleur & Ball-Rokeach (1975), te bedien.

Ten einde die grootste bestemming te trek, is die "gevestigde" en konvensionele massamedia onwillig om afwykende boodskappe tot hul media toe te laat. Hierdie gebrekkige toegang verplig afwykende en radikale groepe om daadwerklik na hul eie media te soek.

Die vernaamste redes vir die ontstaan van alternatiewe media, is beperkende faktore, wat as gevolg van ideologiese, ekonomiese en finansiële oorwegings bestaan, terwyl sekere fasiliterende faktore die opkoms van alternatiewe media gestimuleer het. Fasiliterende redes is onder meer die tegnologiese revolusie in die media-bedryf, en veranderde denkklimaat- en verwante toestande, soos die opkoms van die sogenaamde "nuwe joernalistiek".

Die kenmerke van alternatiewe media is in Hoofstuk 3 in die soeklig geplaas. Ideologiese kenmerke is afgebaken ten opsigte van die onderliggende denkraamwerk van afwykende en radikale groepe, die onderwerpe wat hoofsaaklik in die alternatiewe media aangetref word, die subjektiewe aard van die inhoud in alternatiewe media, veral gesien teenoor die objektiewe styl van die konvensionele media, die vorm, styl en aanbieding van die alternatiewe media, en kenmerke van die bestemmings wat die alternatiewe media wil bereik of bedien.

Vervolgens is ekonomiese kenmerke van nader beskou, asook finansiële eienskappe wat kenmerkend is van hierdie mediaverskynsel. Aan die hand van die feit dat sekere denkklimaattoestande die opkoms van alternatiewe media stimuleer, is dit logies dat die juiste alternatiewe media ook binne 'n bepaalde denkklimaat, wat altyd sekere kenmerke sal openbaar, sal bestaan.

Hoewel die koerant en tydskrif die mees algemene verskyningsvorme van alternatiewe media is, manifesteer dié media in talle vorme. Die onderskeie verskyningsvorme van alternatiewe media is in

Hoofstuk 4 verdeel onder woordmedia, beeldmedia, daadmedia en klankmedia, waarvan elke kategorie talle manifestasies openbaar. In etlike gevalle word 'n kombinasie van twee of meer Kategorieë aangetref, soos films, wat beide van beeld en klank gebruik maak om 'n bepaalde boodskap te kommunikeer, of plakkate, wat dikwels in beeld- en woordvorm aangetref word.

Vervolgens is daar in Hoofstuk 5 op plakkate as vorm van alternatiewe media gefokus. As vertrekpunt is verskeie veranderlikes bespreek, wat bepalend is ten opsigte van oorredingskommunikasie, soos boodskap-, sender- en mediumveranderlikes. Die historiese oorsprong van die plakkaat is kortliks beskryf en kenmerke van dié kommunikasievorm is uitgestippel. Spesifieke vereistes vir 'n suksesvolle plakkaat is aangedui. Die aanwendingsvorme van plakkate is hierna omskryf.

In Hoofstuk 6 is die ECC se plakkate aan die hand van inhoudsontleding bestudeer. As aanloop is die ontstaan en struktuur van die ECC en die onderliggende doktrine bespreek. Die wyse waarop hy hierdie oortuiging deur sy media propageer, is vervolgens in die kollig geplaas.

In die tweede deel van die hoofstuk is 23 plakkate van die ECC, wat oor 'n tydperk van 24 maande strek, aan die hand van voorafbepaalde kategorieë ontleed. Dié kategorieë is simbole, trefwoorde, kleur, veldtogte waartydens dit uitgereik is, en die styl of ontwerp van die onderskeie plakkate. Daar is ook gekyk na die verspreiding oor tyd heen en die kantoor van uitreiking as bron van waar die plakkaat vrygestel is.

Aan die hand van die bevindings wat voortspruit uit die ontleding van die plakkate, is enkele gevolgtrekkings oor plakkate, en meer spesifiek die ECC se plakkate, gemaak.

Vervolgens word die belangrikste gevolgtrekkings van die studie uiteengesit. Dit fokus op alternatiewe media as verskynsel, plakkate as 'n alternatiewe medium, en op die ECC se gebruik van plakkate as alternatiewe media.

7.2 Gevolgtrekking

7.2.1 Alternatiewe media

'n Medium is, volgens verskeie definisies, daardie instrument of "vervoermiddel" wat gebruik word om tyd en ruimte te oorbrug, en 'n kommunikasieboodskap van een persoon of groep na ander mense of groepe te "vervoer". Meer nog, is dit as't ware die vorm waarin die boodskap vervat word, hetsy dit spraak, die gedrukte woord, beelde of 'n spesifieke aksie is.

Na aanleiding van Marshall McLuhan (1964) se siening, dat die medium inderdaad die boodskap is, het baie van die aandag in die mediakonteks verskuif vanaf die "wat" of die inhoud van die boodskap, na die "hoe" of die vorm van die boodskap, omdat beweer word dat nie slegs wat jy doen belangrik is nie, maar juis **hoe** jy dit doen (Minority Press Group, 1980). Sommige media kommunikeer dus 'n bepaalde boodskap beter as 'n ander medium, omdat elke medium 'n verskuilde en nuwe dimensie van die werklikheid kan ontbloot, vanweë die bepaalde hoek of benadering van die kommunikasieboodskap.

'n Bepaalde bestemming kan makliker beïnvloed word deur 'n "alternatiewe medium", bv. 'n plakkaat of film, eerder as om die boodskap in die konvensionele koerant met sy grootste gemene deler-inhoud te publiseer. So sal 'n film of strokiesprent waarskynlik veel meer trefkrag hê by 'n ongeletterde bestemming, wat op beelde vir begrip staatmaak, as die koerant of tydskrif, of selfs 'n pamflet. Dit is gevolglik ook om hierdie rede dat die vorm van 'n medium insig in die boodskap en die kommunikator daaragter lewer. Omdat 'n medium dus só belangrik is vir die sukses van kommunikasie, moet dit baie oordeelkundig gekies word.

As gevolg van verskeie redes het die konvensionele media, wat Hulteng (1979) beskryf word as "diepgaande geïnstitusionaliseerde sosiale sisteme wat goed geïntegreer is met die totale ekonomiese stelsel", se funksies vervaag. Dit het onder meer veroorsaak dat die koerant en tydskrif, en ook radio en beeldradio, die sogenaamde "lae-smaak inhoud" verkies, omdat dit nie slegs die grootste gehoor trek nie, maar ook 'n waarborg is vir 'n goeie advertensie-inkomste. Die konvensionele media het al magtiger geword vanweë die groot bestemming en sterk rugsteun deur adverteerders, en die bestemming se kritiese ingesteldheid het al meer afgeplat, tot die totstandkoming van 'n homogene massagemeenskap - die sogenaamde verbruikersamelewing.

'n Toestand het ontstaan waar die konvensionele media al meer die status quo versterk, en die media juis as gevolg hiervan al meer ekonomies georiënteerd en kapitaal- en arbeidsintensief geraak het. Die massamedia (koerant, tydskrifte, radio, TV, en kommersiële films en boeke) het inderdaad tot groot monopolistiese besighede gegroei, waar slegs die sterkstes oorleef het.

In hierdie proses is bepaalde minderheids- en afwykende groepe afgeskeep, maar selfs meer belangrik, is dat bepaalde individue en groepe in opstand gekom het teen die "kapitalistiese" oorheersing, wat altyd net die gevestigde orde steun en versterk, en geen ruimte vir afwykende stemme toelaat of skep nie. 'n Groeiende ontevredenheid het afwykende en selfs minderheidsgroepe (ten spyte daarvan dat laasgenoemde tot die establishment behoort) verplig om ander maniere en kanale te soek om hul frustrasie én afwykende boodskap in uit te druk.

Juis omdat die behoefte aan die ontvangs en die versending van inligting (d.w.s. die deel van betekenis) so fundamenteel is in die bestaan van mense binne hul onderskeie gemeenskappe, laat gebrekkige voldoening aan hierdie behoeftes nie die nood verdwyn nie, maar word dié behoefte eerder verskerp. Sodoende dra die kombinasie van boodskappe wat van die norm afwyk, soms tot 'n radikale mate; die frustrasie met die kapitalistiese motiewe van die konvensionele media wat op sensasie konsentreer om al sterker ekonomies te groei; en die hoë koste om 'n medium te vestig en in stand te hou, by tot die groeiende versugting na 'n eie medium by die afwykende groepe.

Die ontwikkeling van nuwe, goedkoper en eenvoudiger tegnologiese prosesse, en die eskalasie van 'n bepaalde denkklimaat in 'n gegewe gemeenskap op 'n gegewe tydstip, veroorsaak dat hierdie behoefte beslag vind in die vestiging van sogenaamde alternatiewe media. Hierdie proses stop egter nie hier nie, maar word voortgesit in die vete tussen die gevestigde of konvensionele media, wat die alternatiewe mediumverskynsel as 'n bedreiging vir die gevestigde politieke, sosiale en ekonomiese orde sien; en die alternatiewe media wat hierdie voormelde orde wil omverwerp en daarna strewe om heersende toestande en dinge te verander tot 'n nuwe alternatiewe gemeenskap of orde, en die "mure van die establishment" in die proses af te breek. (Fedler, 1978).

Dit is duidelik dat alternatiewe media dáárdie media is wat hoofsaaklik deur opponerende groepe buite die grense en norme van heersende dié establishment of gemeenskap en hulle norme ontwikkel en gebruik word. Vir dié afwykende groepe vervul die alternatiewe media die behoefte aan 'n manier van boodskapverspreiding sonder dat hulle betrek word by die "grootste gemene deler-inhoud" van die gevestigde orde, wat deur kapitalisme gesimboliseer word, en waarin hulle boonop 'n ideologiese afkeur het.

Daar is na verskeie skrywers verwys wat dit eens is dat die alternatiewe media die gevestigde orde verwerp, die geïnstitusionaliseerde politiek en norme, asook die tradisionele waardes van die gemeenskap bevraagteken en uitdaag, en doktrines buite die gedefinieerde grense van parlementêre konsensus en debat bevorder.*

Die opkoms van die alternatiewe media was veral gestimuleer deur die opkoms van die werkersklasse, wat in opstand gekom het teen die

* Die ideologiese behoeftes by groepe agter die alternatiewe media is inderdaad so groot dat alternatiewe media in ieder geval sou ontstaan. Ten spyte daarvan dat daar wél anti-Regeringsmedia bestaan (soos The Star, City Press, Natal Mercury en Sowetan), wat wel toegang verleen aan groepe soos die ECC en Detainees Parents' Support Committee wat soortgelyke doelwitte as hierdie media nastreef, moet verwag word dat die alternatiewe media steeds sal ontstaan en groei in die lig van die onderliggende ideologiese raamwerk van sodanige opponerende en radikale groepe.

heersersklasse wat die geld en produksiemiddele beheer, en kapitalisme beoefen. Die alternatiewe media, het Gardner (1979) gesê," ... reflects the class conflicts of society more clearly and sharply" as enigiets anders. Hierdie stelling verwys ook weer na die simboliese waarde van die vorm van 'n medium. Dit is om hierdie rede dat een van die belangrikste kenmerke van alternatiewe media hul sosialistiese aard is.

In 1960 het 'n era van opstandigheid veral in die VSA en Brittanje bygedra tot 'n groeiende bewussyn van die negatiewe aspekte van die gemeenskap, en die gepaardgaande besef dat slegs protes en persoonlike betrokkenheid die bestaande orde kon verander. Curran en Seaton (1985) sê dat die radikale en militante pers die radikale sub-kulture in die gemeenskap gevoed het, en toenemend 'n ernstige bedreiging vir die sosiale orde geword het, en Kessler (1983) sluit hierby aan as hy sê dat alle radikaliste oor een ding eens was, naamlik die noodsaak van 'n eie medium vir hul afwykende boodskap, terwyl hy radikaliste sien as "political, social, cultural and religious dissidents, and those at odds with the norms of their day". Dit is dus ook duidelik dat alternatiewe media almal die tradisionele media, en hul burokratiese roetine en metodes en afgestompte inhoud verwerp.

Die alternatiewe media se kommunikators, wat meestal radikaal,* soms ekstreem is, bevorder radikale doktrines buite die grense van die afgebakende gemeenskap se parlementêre konsensus, debat en norme. (Dié parlementêre konsensus en debat is as kriterium in die beoordeling van die ECC-plakkate in Hoofstuk 6 gebruik). Die inhoud is aanvegtend, aktivisties, en deelnemend aan, of betrokke by, die kritieke kwessies van die dag. Hierdie media bepleit almal sosiale verandering in die sin dat uiterste ontevredenheid met die status quo gestel word. Die media is vir "vryheid en gelykheid" van alle mense.

* Vir 'n omskrywing van die begrip radikaal, sien bladsy 49.

As gevolg hiervan beproef hierdie media alle regulasies, en kan dit die revolusionêre gees bevorder. Hierdie werkswyse word vergemaklik omdat die alternatiewe media in Suid-Afrika nie tot die Nasionale Pers-unie behoort nie, en gevolglik ook nie aan die Mediaraad se kodes onderworpe is nie. Die vrywillige aanvaarding en toepassing van dié kode deur lede van die NPU, is een van die sterkste beskermingsmaatreëls vir 'n vrye pers wat Staatsoptrede kan voorkom. Die beginsels wat in die kode vervat is geniet wye steun in perskringe, insluitende anti-Regeringskoerante (sien Aanhangsel 12 vir kode). Die afwesigheid van advertensiesteun beteken dat ook die "versagtende" invloed by die alternatiewe media afwesig is. Omdat daar gevolglik ook nie op die breë publiek gesteun word nie en die lesers soortgelyke ideologiese doelwitte steun, kan hierdie selektiewe blootstelling en persepsie aanleiding gee tot 'n onbeheersde soort joernalistiek wat verdere polarisering en radikalisering in die hand kan werk.

Die milieu waarin hierdie stryd van afwykende groepe voltrek word, is die politieke arena, omdat organisasie van radikaliste, wat deur die War Resisters League (1986) as 'n "radicalizing experience" in sigself beskou word, nie in 'n vakuum kan plaasvind nie. Daarom is die inhoud van die media ook altyd sosio-polities van aard, en handel die debat oor die verlangde toestande en gemeenskap van die afwykende groepe.

Vraagtekens oor die legitimiteit van die land se politiese- en ekonomiese-sisteme word deur hierdie media geopper. Die alternatiewe media sien hulself dus ook as "waghond" oor die konvensionele media se inhoud, terwyl die opponerende en radikale groepe agter alternatiewe media hulself slegs as veiligheidsklep vir die onderdrukte massa sien, en nie dat hulle sogenaamd rewolusionêr van aard is nie.

Die inhoud van veral die alternatiewe media is subjektief, en maak van onortodokse style en metodes gebruik om die aandag te trek (Hvistendahl, 1972, en Altschull, 1984). Daar word talle vorme van hierdie media aangetref, en afwykende en radikale groepe gaan selfs so ver om byvoorbeeld begrafnisse en protesoptogte as medium vir hul eie boodskapverspreiding aan te wend. Die ECC, 'n "pasifistiese" organisasie wat homself beywer om diensplig te beëindig, maak ook van talle "kultuurvorme" soos die teater, musiek, vredesfeeste en die beeldende kunste gebruik om húlle boodskap te versprei.

Hierbenewens moet daar weer verwys word na die spesifieke vorm van 'n medium, wat reeds 'n eie boodskap kommunikeer. Die Minority Press Group (1980) sê dat 'n bepaalde medium 'n fokus vir debat skep, en een van die alternatiewe tydskrifte in Suid-Afrika, New Era, verwys juis daarna dat die alternatiewe media kan insigself reeds bydra om die wanhoop en apatie wat onder die onderdrukte groepe in Suid-Afrika bestaan, te verlig - omdat hierdie media die mense se woede kan kanaliseer, hul inspireer en motiveer.

Die onomstootlikheid van Curran en Seaton (1985) se stelling oor die alternatiewe media as "a powerfully disruptive force", en Kessler (1983) se mening dat die alternatiewe media die ruggraat van anargiste en radikale organisasies se optrede is, en effektief kán wees om die mure van die establishment neer te bring, word deur die verwante ontstaansredes en kenmerke van die alternatiewe media in Suid-Afrika bevestig en gerugsteun.

Suid-Afrika is tans onderworpe aan baie interne konflik, wat vanweë verskeie faktore bestaan, ondermeer die botsende belange en ideologieë van die onderskeie politieke groepe. Die inhoud van die media is 'n weerspieëling van die bepaalde gemeenskap waarbinne daardie media funksioneer. Indien 'n gemeenskap deur 'n fase van onrus en opstand sou gaan, moet verwag word dat die media hierdie toestande sal reflekteer.

Die alternatiewe media veral, is 'n instrument in die hande van opponerende en radikale groeperinge in die samelewing, benewens die feit dat die media die bestaande toestande reflekteer. In Suid-Afrika is die opkoms en groei van die alternatiewe media inderdaad voldoende bewys van hierdie tendens dat die opkoms van alternatiewe media stimuleer word deur die eskalering van politieke oproer (Downing, 1984).

Die bestaan van die alternatiewe media in Suid-Afrika is 'n gegewe feit, en aan die hand van die heersende konflik en onrus moet verwag word dat hierde mediaverskynsel nie maar net sal voortduur nie maar inderdaad sal eskaleer in die lig van die feit dat die opponerende en radikale groepe die alternatiewe media as instrument vir die verkondiging van afwykende ideologieë gebruik. Dit sluit ook aan by die siening die inhoud van die alternatiewe media toenemend 'n rewolusionêre kleur sal kry as bepaalde groepe soos die UDF en COSATU nie voldoende toegang na hulle mening in die bestaande media kan kry nie (Sunday Times 25 Augustus 1987).

7.2.2 Plakkate as vorm van alternatiewe media

Hoewel die bekendste vorm van alternatiewe media koerante en tydskrifte is, is dit nie tot hierdie vorme beperk nie, en word talle ander en "nuwe" verskyningsvorme van dié media aangetref.

McLuhan (1964) se stelling dat die medium inderdaad die boodskap is, kry nuwe betekenis as dit op die alternatiewe media toegepas word. Elke medium het unieke eienskappe wat dit besonder geskik maak vir bepaalde doeleindes en situasies.

Ellul (1964) beklemtoon onder meer dat verskeie media behoort saam te werk tydens 'n propagandaveldtog ten einde die individu telkens op 'n anderse en eiesoortige manier te bereik, en hom 'n nuwe dimensie van die waarheid te laat sien wat hy voorheen misgekyk het. Elke medium is dus by uitnemendheid beskik vir 'n sekere soort propaganda. Die politieke plakkaat het veral populêr geraak omdat 'n grafiese beeldafdruk 'n uitstaande massamedium is vanweë die universele, direkte, onmiddellike en pittige boodskap wat dit kan kommunikeer.

Die plakkaat is vanweë sy bepaalde eienskappe 'n baie geskikte draer vir oorredingsboodskappe, wat veral met slagkrete en simbole gepaard kan gaan. Dit kan veral voetgangers maklik bereik, en kan met behulp van die beelde daarop selfs aan ongeletterde mense verstaanbaar gemaak word.

Daarbenewens is dit goedkoop om te druk, en kan dit vinnig en effektief geproduseer en versprei word, selfs deur min mense. Die boodskap is onmiddellik en tydig, en nie vervlietend nie, sodat dit 'n blywende indruk kan laat. Boonop het die koms van televisie daartoe bygedra om mense meer "prentbewus" te maak. Die plakkaat het, volgens Mao Tse-Tung, geen klassistiese aard nie, en kan deur enige persoon of groep vir hul doeleindes gebruik word.

Die beeldelement in plakkate is van groot belang, omdat talle funksies met behulp van vormgewing deur beelde of beeldreekse vervul kan word. Gevolglik word die plakkaat 'n observasie-instrument en belewingsmiddel waarmee dinge visualiseerbaar gemaak word.

Plakkaatboodskappe behels die gebruik van simbole, teks en beelde om die bestemming te bereik en te oorreed. Die waarde van kuns in propaganda berus juis op die feit dat abstrakte en politieke idees

verstaanbaar gemaak word deur visuele beelde. Sommige simbole en tekens het 'n universele betekenis, soos byvoorbeeld die duif wat wêreldwyd "vrede" impliseer.

Omdat die plakkaat so geredelik deur kleiner groepe gebruik kan word, is dit 'n hoogs toeganklike medium vir klein organisasies en groepe, wat veral nie amptelike goedkeuring vir hul plakkate wil verkry nie. So kan kontroversiële idees na 'n geïdentifiseerde gehoor versprei word, en is dit veral 'n effektiewe medium vir politieke boodskappe.

Philippe (1978) het veral klem gelê op die feit dat die prentplakkaat 'n uitmuntende medium vir rewolusionêre groepe is om hul mening en gevoel bekend te maak. Daarbenewens is die plakkaat veral geskik om studente op kampusse en by skole (ook in hul koshuise, en soldate op weermagsbasisse) te bereik. Die bestemming kan dus presies geïdentifiseer word vir effektiewe verspreiding van die boodskap.

Daar kan derhalwe tot die gevolgtrekking gekom word dat plakkate 'n uiters geskikte alternatiewe medium vir 'n groep soos die ECC is. Dit is onder meer omdat die ECC se boodskappe dikwels polities van aard is; emosionele appèl met behulp van beelde op die kyker doen; hy nie baie geld vir 'n duur reklameveldtog het nie, en buitendien ook kan glo dat die "medium die boodskap is".

7.2.3 Die ECC se gebruik van plakkate

In Hoofstuk 6.2 is gesien dat die ECC internasionale verbintenisse met organisasies soos COSAWR (Brittanje) en die War Resisters League (in Amerika) het. Waar hierdie organisasies sekere kenmerke het,

en dit selfs bevestig soos die WRL in hul Organizers Manual (1986), moet verwag word dat die ECC soortgelyke kenmerke sal vertoon.

Van die belangrikste kenmerke wat verwag kan word uit hoofde van die ideologie en doelwitte van die organisasie, is 'n anargistiese onderbou (vergelyk betekenis van anargisme onder 6.2.4); 'n pro-sosialistiese gesindheid, wat veral voorspraak doen vir "vryheid en gelykheid" vir alle mense, en die reg van die individu om self oor sy lewe te besluit; en daarmee gepaardgaande 'n sterk pasifistiese inslag. Hierdie pasifistiese inslag sluit egter nie die gebruik van alle geweld uit nie, en beteken nie passiwiteit nie.

Ghandi (WRL, 1986) was een van die eerste persone om nie-gewelddadigheid te propageer. Nie-geweldadigheid verwys nie na die vermyding van konflik nie, maar slegs 'n ander benadering tot konflik wat selfs militante stryd ("struggle") sal insluit as dit nodig is. (Politieke nie-gewelddadige metodes waarna onder meer verwys word, is weermagsoproep-teenstand ("draft resistance"), en burgerlike ongehoorsaamheid van "onwettige" wette). Nie-gewelddadige optrede bestaan uit aktiewe protes, geen samewerking en ingryping of tussentrede, wat primêr 'n groep- of mobiliseringsaksie is.

'n Organisasie met sodanige anargistiese, sosialistiese en pasifistiese of "nie-geweldadige" kenmerke kan dus teoreties ten gunste van rewolusionêre optrede en organisasies wees, veral in die lig van die teenstand teen die gevestigde politieke, sosiale en ekonomiese orde, en die stryd of beywering vir 'n alternatiewe orde.

Die ECC is gekant teen die stelsel van Nasionale Diensplig, wat maar slegs een faset van die SA Weermag vorm, en wat as die nasionale

veiligheidsmagte weer deel van die groter Staatsbestel en gevestigde orde vorm. Die ECC spreek juis hul daadwerklike afkeur uit in die SA Weermag, as bedrywers van die sogenaamde "apartheid war" in Suid-Afrika, en beskou die toenemende rol van die SA Weermag, beide binne en buite die landsgrense, as beskerming van apartheid wat nie in landsbelang is nie.

